NR. 9

8 MAART 2023

# MENLO-WEEKLIKS

Bly elke week op hoogte van ons Parkie-gebeure

## BOODSKAP VAN HOOF

### MNR. GERHARD PIETERSE

**Wat sê jy hiervan?**
**(deur Jack Canfield en Mark V. Hansen)**

- Winston Churchill het sy sesde jaar op skool gedop. Hy was reeds 62 toe hy eerste minister van Brittanje geword het, en dit was 'n leeftyd van nederlae en terugslae. Sy grootste bydraes het hy as "senior burger" gelewer.
- Henry Ford het vyf keer misluk en bankrot gespeel voor hy uiteindelik suksesvol was.
- Die werknemers by F.W Woolworth's se kruidenierswinkel het gesê hy het nie eers genoeg verstand om klante te bedien nie.
- Louis Pasteur was maar 'n baie gemiddelde voorgraadse student en uit 22 in die chemieklas was hy 15de.
- 'n Koerantredakteur het Walt Disney in die pad gesteek vanweë 'n gebrek aan oorspronklike idees. Disney het ook verskeie kere bankrot gespeel voordat hy Disneyland gebou het.
- Beethoven was nooit gemaklik met 'n viool nie en het verkies om sy eie komposisies te speel eerder as om sy tegniek te verbeter. Volgens sy leermeester was hy 'n hopelose komponis.
- Albert Einstein het vir die eerste keer op vier begin praat en het eers op sewejarige ouderdom leer lees. Sy onderwyser het hom beskryf as "verstandelik stadig, anti-sosiaal en altyd verlore in een van sy verspotte drome".

**Geagte Parkie–ouers en – personeel,**

Mag dit wees dat ons in ons vennootskap as die opvoeders(ouer en onderwysers) van ons kinders, nooit op "moed verloor" se vlakte beland nie, mag ons aanhou om hul aan te moedig en mag hul nooit hul vertroue in ons verloor nie. Mag ons hul dan so inspireer, sodat hul diens aan die samelewing as hoogste lewensprestasie sal nastreef!

‘n Geseënde week vir u.

Wees Fier!

Groete

Gerhard Pieterse




# 'n Stukkie argief



# DAGBOEK

| | |
|---|---|
| **WOENSDAG 8 MAART 2023** | |
| 06:30 | Tennis: Oefening |
| 13:30 | Redenaars: Individuele oefening |
| 13:30 | Skaak: Groepsafrigting (gr. 1) |
| 13:30 | Skaak: Uitspele vir ligaspanne (gr. 2-7) |
| 13:30 | Juniorkoor: Oefening |
| 13:45 | Seniorkoor: Oefening |
| 15:00 | Rugby: Oefening (o/9 en o/10) |
| 16:00 | Rugby: Oefening (o/11 en oopspanne) |
| **DONDERDAG 9 MAART 2023** | |
| 14:00 | Rugby: Oefening (o/9 & o/10) |
| 14:00 | Netbal: Oefening (o/7 – o/13) |
| 14:00 | Hokkie: 1ste span proewe (Seuns) |
| 14:30 | Netbal: Distrikproewe o/12+o/13 |
| 15:00 | Rugby: Oefening (o/11 en oopspanne) |
| **VRYDAG 10 MAART 2023** | |
| 06:45 | Bybelvasvrae: Oefening tot 7:30 |
| 13:00 | Redenaars: Super 12 te Laerskool Elarduspark |
| 14:00 | Atletiek: GISSA te Ruimsig |
| 14:00 | Gholf: Uitdunne |
| **SATERDAG 11 MAART 2023** | |
| 08:00 | Atletiek: GISSA te Ruimsig |
| 08:00 | Rugby: Vriendskaplike wedstryde te Vastrap (Rustenburg) |
| 08:00 | Netbal: Vriendskaplike wedstryde te Randhart (slegs o/10A-o/13A) |
| 08:00 | Bulletjierugby te Monumentpark |
| 08:00 | Redenaars: Super 12 te Laerskool Elarduspark |
| 08:00 | Ruitersport |
| **SONDAG 12 MAART 2023** | |
| 08:00 | Ruitersport |
| **MAANDAG 13 MAART 2023** | |
| 13:30 | Skaak: Groepsafrigting (gr. 2-3) |
| 13:30 | Skaak: Groepsafrigting (gr. 4-7) |
| 13:30 | Juniorkoor: Oefening |
| 13:30 | Krieket: Oefening (gr. 1) |
| 13:30 | Redenaars: gr.6 en gr.7-Onvoorbereide oefening |
| 14:00 | Tennis: Liga |
| 16:00 | Rugby: Oefening (1ste span) |
| 17:30 | Seniorkoor: Oefening |
| 17:30 | Rugby: Bulletjies |
| **DINSDAG 14 MAART 2023** | |
| 13:30 | Redenaars: Individuele oefening |
| 14:00 | Rugby: Oefening (o/9 en o/10) |
| 15:00 | Rugby: Oefening (o/11 en oopspanne) |
| 14:00 | Netbal: Oefening (o/7 – o/8) |
| 14:00 | Netbal: Vriendskaplik teen die Poort (weg) |
| **WOENSDAG 15 MAART 2023** | |
| 13:30 | Skaak: Groepsafrigting (gr. 1) |
| 13:30 | Skaak: Uitspele vir ligaspanne (gr. 2-7) |
| 13:30 | Juniorkoor: Oefening |
| 13:30 | Redenaars: Individuele oefening |
| 13:45 | Seniorkoor: Oefening |
| 14:30 | Netbal: Tshwane-proewe (o/12 en o/13) |
| 15:00 | Rugby: Oefening (o/9 en o/10) |
| 16:00 | Rugby: Oefening (o/11 en oopspanne) |
| **DONDERDAG 16 MAART 2023** | |
| 14:00 | Rugby en netbal: Vriendskaplike wedstryde te Skuilkrans (slegs B+C netbalspanne) |
| 14:00 | Netbal: Oefening (o/7 – 0/9) |
| 14:00 | Netbal: Oefening (o/10A – 0/13A) |
| **VRYDAG 17 MAART 2023** | |
| 14:00 | Gholf: Uitdunne |

# BOKSKAR INRY TEATER







**Bou jou eie bokskar en kom geniet 'n fliek by ons buitelug inryteater op die A-veld.**

## Donderdag 16 Maart

**17:30 vir 18:00**

**KAARTJIES: R120**
**SLUIT 'N FLIEK, POPCORN EN BUBBLE-TEE IN**



GOOD IS NO FUN AT ALL
DREAMWORKS
the BAD GUYS

# PROJEKTE

**ME. A. WILKEN**

**BOKSKAR-INRYTEATER**

Ons is baie opgewonde om op **Donderdag, 16 Maart,** ons eerste bokskar-inryteater geleentheid vir ons leerlinge aan te bied. Hierdie inisiatief vervang ons karskardag vir 2023. Ons gaan 'n groot skerm inryteater skep vir die leerlinge op die A-veld. Kaartjies beloop R120. Saam met hul kaartjie ontvang hul springmielies en "bubble-tea". Daar sal ook worsbroodjies en pizza te koop wees gedurende die aand.

Leerlinge bou hul eie kar uit 'n kartonboks waarin hul gaan sit om die film te kyk. Dit moet 'n baie eenvoudige kar wees, net groot genoeg vir die leerling om gemaklik te kan sit. Daar is pryse vir die mooiste versierde bokskar.

Ouers is ook welkom om kaartjies te koop en saam met ons die film te geniet deur u eie kampstoel te bring. Ouers gaan net heelagter hul sitplekke moet inneem op kampstoele.

**Riglyne vir bokskar**
Maksimum hoogte: 50cm
·Geen gevaarlike voorwerpe
·Versiering-temagerig

**Wenners van mooiste versierde kar**
1ste prys: R600
2de prys: R300
3de prys: R100

Kaartjie verkope sluit Vrydag, 10 Maart.

**Inryteaterkaartjies:** R120
**Sluit in:** Film, springmielies en "bubble-tea"

**Gelukkige trekking**
Teen R20 kan ouers en/of leerlinge 'n kaartjie koop vir die gelukkige trekking. Ouers wat die gelukkige trekking wen, kan saam met 3 ander mense in die "VIP"-afdeling gaan sit waar daar gemaklike sitplekke sal wees, en u bedien sal word met heerlike versnapperinge en wyn. Leerlinge wat die gelukkige trekking wen kan saam met 3 ander maats in hul "VIP"-area sitplek inneem waar hulle bedien gaan word met pizza en koeldrank.

**Program**

17:30 Hekke maak oop

18:00 Beoordeling van karre


18:30 Film begin

20:00 Film klaar

**Reëlings**

- Hierdie is 'n fondsinsamelingsprojek. Ons vra asb. dat leerlinge die verkope van die hotdogs, pizza, lekkernye en drinkgoed sal ondersteun.
- Geen "gazebo" mag opgerig word nie.
- Ons moedig dit aan dat elke leerling hul eie kar bou. Indien leerlinge deel, moet dit 'n groot genoeg kar wees en by die bouriglyne hou.
- Niggies of nefies is welkom, maar hulle kan nie in aanmerking kom vir die pryse nie.
- Ouers neem sitplek in agter die leerlinge op hul eie kampstoele.

**Uitleg**



#SkoolMetDie GROOTSTE GEES

WEES FIER
LAERSKOOL MENLOPARK

# GROOT "WARM" GEE

Maak leeg jou kas en vul iemand anders se hart.

Alle items, wat iemand hierdie winter kan warm hou, kan geskenk word.
Kom ons wys ons groot, warm Parkie harte.

**JASSE,BAADJIES, TRUIE, SERPE, KOUSE, LANGBROEKE EN KOMBERSE.**


**STUUR SWART SAKKE MET ITEMS NA U KIND SE VOOGONDERWYSER VOOR 30 MEI.**

70 wees fier!

GYS PITZER MOTORING
TRADING QUALITY GUARANTEED

GROOTFM GAAN GROOT 90.5

# Die feesjaar winkel is oop!!




KLIEK HIER

# Eerste rondte bestellings sluit 24 Maart.

# Nuwe items










# SKAAK

**ME. M. ERASMUS**

Op Saterdag, 4 Maart, het 6 van ons skaakspelers aan die Afrikaans Hoër Seunskool skaaktoernooi deelgeneem.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Liam de Beer | Afd | D1 | 3 uit 5 |
| Josh Janse van Rensburg | Afd | D1 | 2 uit 5 |
| Hendrik van der Merwe | Afd | D2 | 2 uit 5 |
| Gustav Aikman | Afd | D2 | 2 uit 5 |
| Ava Janse van Rensburg | Afd | E | 1 uit 5 |

Baie geluk aan Johnathan Bienedell. Hy het 5 uit 5 wedstryde gewen en was die wenner van Afdeling E.

Geluk aan ons gr. 4-7 afrigter, Heinco du Plessis. Hy het derde in Afdeling A geïndig met 3½ uit 5 punte.

# BERGFIETS

**ME. A. BESTER**

Ons skop ons bergfiets-seisoen af met 'n groot fees op die 15de **Maart,** vanaf **15:30-16:30** by die **pump-track** oorkant Laerskool Menlopark.

Bring jou fiets, valhelm en waterbottel saam en kom kyk waaroor bergfiets gaan.

**Belangrike datums vir die eerste kwartaal:**

- 8 Maart -Opedag vir bergfiets (15:30-16:30)
- 15 Maart-Oefening
- 22 Maart-Oefening
- 11 April-Massa oefening (Inligting sal deurgegee word.)
- 12 April-Oefening
- 26 April-Oefening
- 3 Mei -Oefening

**Gauteng Noord skolereeks 2023 (XCO) datums:**

- 6 Mei-Prime View Estate
- 17 Junie-Grootfontein
- 19 Augustus-Cowhouse
- 2 September-Prime View Estate
- 9 September-TBC
- 16 September-TBC

Indien u kind bergfiets wil deelneem in 2023 is u welkom om op die skakel te druk.

# VOORTREKKERS

**ME. M. ERASMUS**

**FEESKAMP: Kruithoring 70 jaar**

Kruithoring is op 25 Februarie 1953 amptelik gestig in die skoolsaal van Laerskool Menlopark. Ons 70 bestaansjare is gevier op ‘n feeskamp wat plaasgevind het vanaf 24-26 Februarie op Hartbeesfontein Voortrekkerplaas.

Die fokus van ons feeskamp en aktiwiteite was op feesviering en samesyn. Dit was ’n gesinskamp en het geleentheid gebied vir ouers om deel te neem, waar te neem en te geniet. Kundige sprekers en aanbieders het verrykingsonderwerpe aangebied en ons het saans om die kampvuur gekuier. Ons was ook bevoorreg om gedurende die naweek verskeie besoekers te kon ontvang.

Die kampprogram het verseker dat daar genoeg was vir almal om besig te wees.

Die kamp is Vrydagaand geopen met ‘n aansteekseremonie wat deur die Verkenners waargeneem is. ‘n Klompie Penkoppe en Drawwertjies is ingelyf. Daarna is hulle op ‘n ekspedisie met ‘n lantern wat aan die einde bekruip moes word, terwyl volwassenes elders trakteer is met ‘n wynproe en -veiling.

Saterdag het die kinders vaardighede uit toeka se dae geleer, deelgeneem aan waterpret en is hulle dansstappies opgeknap deur die Wapadrand Boeredansgroep.

Volwassenes het aandagtig geluister na ‘n lesing oor die Anglo-Boereoorlog en ‘n gespreksessie gehad met Dr. Danie Langner, ons hoofleier, wat interessante stories vertel het van Die Voortrekkers se totstandkoming. Tussendeur kon hulle gereeld inloer by 'n distil demonstrasie waarvan die finale produk later geproe kon word.

Na ‘n laatmiddag vertoning deur die dansgroep, het ons tot laat groot partytjie gehou met Pieter Smith en Piet Pompies (DJ Ossewa) as gaskunstenaars.

Mnr. Gerhard Pieterse het Sondagoggend by ons aangesluit en die erediens is waargeneem deur dr. Danie Langner.

Die kamp is voorwaar op ‘n hoë noot afgesluit.

Hou Koers.

# ENGLISH PUBLIC SPEAKING

ME. K. SMITH

On the 20th of April 2023 at 17:00 grade 4-7 pupils can participate in the English public speaking evening.
The length of the speech in grade 4-5 is 3 minutes and grade 6-7 is 4 minutes.

Please note that the speech must consist of 3 arguments. People must make use of quotations (people/newspaper/magazine/web).

ENTER HERE

**The topics are:**
Grade 4-5
1.If my schoolbag could talk, what would it say?
2.The three things that annoy me the most.
3.The strange things that you have to do on your birthday or weird things that happen on your birthday.

**Grade 6-7**
1.The day when my father cooks for us …
2.If I could design anything, it would be … Why?
3.The 3 things you would do if you didn't have to go to school…

# AMESA

**ME. J. TRUTER**

**AMESA Wiskunde Uitdaging**

Baie dankie aan al die leerlinge wat ingeskryf het. As gevolg van die botsing op Dinsdag 14 Maart skuif ons die olimpiade na Woensdag 15 Maart. Indien daar nog enige botsings is, is die kinders welkom om met Me. Joey Truter 'n reëling te tref.

**Datum**: Woensdag 15 Maart 2023
**Tyd**: 13:40 – 14:40

Groete
Wiskunde-personeel

# SWEM

**ME. C. MULLER**

Ons Menlo-Swemspan het Maandag, 6 Maart, aan die A-liga Interskole Gala te Hillcrest deelgeneem.  Daar was 10 skole wat deelgeneem het en alhoewel ons die kleinste skool daar was, het ons nie teruggestaan nie. Menlo het 'n algehele 9de plek behaal.  Ons is trots op elke swemmer wat deelgeneem het.  Dankie aan Juffrou Lianda en Juffrou Joey wat die swemmers bygestaan het.

Ons sien uit om almal weer in die tweede seisoen te sien swem.

Ons sal volgende week die individuele uitslae bekend maak.



# GHOLFDAG

**ME. A. BESTER**

Op Woensdag, 1 Maart 2023, het Laerskool Menlopark hul jaarlikse gholfdag gevier by Pretoria Country Club.

Dankie aan elkeen wat borge aan ons verskaf het asook elke speler wat dit moontlik gemaak het dat Laerskool Menlopark na nuwe hoogtes kan gaan.














Spiertonus.
Wat is dit? Hoekom is dit so belangrik?

## Dit beïnvloed postuur:

Kleuters wat nie kan regop sit by 'n tafel nie.

## Dit beïnvloed aandag en uithouvermoë:

Kleuter kan nie opdragte uitvoer nie. Kleuter fokus so hard om te kan regop sit by die tafel dat hy nie kan fokus op die opdrag nie.



## Dit beïnvloed krag:

Kleuter sukkel om ouderdomsgepaste takies te verrig, soos om 'n bak speelgoed te dra.

## Dit beïnvloed groot motoriese bewegings:

Kleuter vat langer om groot motoriese mylpale te ontwikkel soos: bal vang, skop en gooi.



Spiertonus is die hoeveelheid spanning wat in elke spier is tydens 'n rusperiode. 'n Kind met lae tonus is nie noodwendig swak nie, dit vat net meer inspanning vir hierdie spiere om maksimum spanning te behou.







## Oefeninge wat help vir spiertonus:

Apie loop

Krappie loop


Vliegtuig sit

Eiertjie rol

Hop op 'n groot bal

Speel met 'n bal





Parkies weet om aktief te wees, hou jou lyfie gesond en leergereed!



# MENLO ADS

Vir plasings e-pos
menloweekliks@menlolaer.co.za



# Vocal
## Coaching

## A STAR ISN'T BORN, BUT MADE!

AUDITIONS OPEN FOR 2023





WWW.XJ-STUDIO.COM
XANDER@XJ-STUDIO.COM
083 568 1167

Tutor Connection

# BEGIN VANDAG MET EKSTRA KLAS

Ekstra Rekeningkunde, Wiskunde, Fisiese Wetenskapklasse en NOG MEER!

**KONTAK**
**INFO@TUTORCONNECTION.CO.ZA**
**VIR MEER INLIGTING**


KUMON
WISKUNDE ENGELS
Wiskunde Engels Sukses
spesiale aanbod
FEB
Gee jou kind 'n voorsprong
Afslag op jou inskrywingsfooi in Februarie
Menlo Park Kumon – Sarina 083 675 4321

# NEW
## SWIM SCHOOL
## OPEN IN MENLO PARK

GET IN TOUCH!

**069 902 5632**

helpme@schwem.co.za

**28 Seventeenth Street, Menlo Park**

SCHWEM

-SWIM SCHOOL-




SLEGS R 100 ELK

# DIE BESTE NETBAL SAKKIES OP DIE RAKKIES




Grootte: 18 x 23cm

## R 100 per sakkie

**Perfek vir skeidsregters, afrigters en spelers**

Kan in skoolspesifieke kleure ook gedoen word.

**Bestel nou:**
**Martie - 083 417 3341**
**Saartjie - 082 229 6936**


NETBAL EK
NETBAL EK
NETBAL EK
NETBAL EK